PERSVERKLARING DEUR DIE MINISTER VAN BINNELANDSE SAKE

Die Publikasieraad wat op 1 November 1963 met sy werksaamhede begin, is as volg saamgestel.

VOORSITTER:

Prof. dr. G. Dekker, B.A., M.A., D.Litt. et Phil. cum laude.

Gebore in Pretoria 11.11.1897. Skoolopleiding aan die Oosteindskool. Behaal in 1918 die B.A.-graad en in 1919 die M.A.-graad in moderne tale aan die Transvaalse Universiteitskollege. Studeer daarna in Nederlandse Lettere aan die Gemeentelike Universiteit, Amsterdam, waar hy in 1926 die D.Litt. et Phil cum laude behaal op 'n proefskrif oor „Die Invloed van Keats en Shelley in Nederland gedurende die 19de Eeu". In 1925 word hy lektor in Afrikaans-Nederlands aan die P.U. vir C.H.O., in 1932 Professor en hoof van die departement. Sedert 1940 doseer hy ook Kunsgeskiedenis. In 1938 en 1952 doen hy 'n studiereis na Europa met die oog op kunsgeskiedenis, in 1958 besoek hy Nederland onder die kultuurverdrag met Nederland en in 1960 as uitruilprofessor aan die Vrije Universiteit, Amsterdam. Lid van die S.A. Akademie vir Wetenskap en Kuns, die Maatschappij voor Nederlandse Taal en Letteren, die Zuid-Nederlandse Maatschappij voor Taal en Letteren. Was Lid van die Transvaalse Raad van Moderatore en tot einde 1963 van die Gemeenskaplike Matrikulasieraad. Lid van die Adviserende Raad van die Transvaalse Biblioteekorganisasie.

Hy dien op kunskomitees en -keurrade, o.a. op dié vir die Biennales van Venesië en Sao Paulo.

Was reviseur van die Afrikaanse Bybelvertaling en die Afrikaanse Psalmboek. Van sy hand het verskyn studies en kritieke oor kuns en lettere, uitgawes van Nederlandse klassieke, vertalings uit Oud-Noors en Frans. 'n Afrikaanse Literatuurgeskiedenis wat 'n negende druk beleef het.

VISE-VOORSITTER:

Mnr. A.J. van Wyk, B.A. LL.B.

In 1923 toegetree tot Staatsdiens in die Departement van Doeane en Aksyns. Daarna verplaas na Departement Justisie. Behaal B.A. LL.B. in 1932 deur buitemuurse studie. Dien as Landdros in verskillende plekke insluitende Kaapstad, Port Elizabeth, Pretoria en Johannesburg. In 1961 die rang van Hoof-Streeklanddros behaal en in 1963 die rang van Hooflanddros buite die Streekafdeling.

LEDE:

Prof. T.T. Cloete, B.A. Honns., M.A. Universiteitsonderwysdiploma, D. Litt. et Phil. (Amsterdam).

Gebore op 31 Mei 1924. Behaal einde 1946 die graad B.A. met onderskeiding in die vak Afrikaans-Nederlands en Kunsgeskiedenis en in 1948 die M.A.-graad. Promoveer einde Januarie 1953 aan die Gemeentelike Universiteit, Amsterdam, en behaal die graad D. Litt. et Phil. op 'n proefskrif getitel "Trekkerswee en Joernaal van Jorik".

Sedert Februarie 1953 lektor aan die P.U. vir C.H.O. en doseer Afrikaans en Nederlandse literatuur, asook Frans. Word bevorder tot senior lektor vanaf begin 1960 en tot professor in

Afrikaans-Nederlands en hoof van die departement Frans en Kunsgeskiedenis en -waardering vanaf die begin van 1963. In 1964 professor in Afrikaans-Nederlands aan die Universiteit van Port Elizabeth.

Het reeds heelwat gepubliseer oor die literatuur in verskillende tydskrifte en in boekvorm.

Is volle lid van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns en dien op kommissies van hierdie liggaam.

Prof. Th. Endemann, B.A., M.Ed., M.A., D.Litt.

Gebore op 15 September 1908. Inspekteur van Bantoe-onderwys 1945-1959. Professor sedert 1960 aan die Universiteitskollege van die Noorde. (Turfloop).

Heelwat publikasies en verhandelinge het oor die Bantoe uit sy pen verskyn.

Prof. A.P. Grové, B.A., M.A., U.O.D., D. Litt.

Gebore te Potchefstroom op 10 Junie 1918. Voltooi B.A. met onderskeiding in Afrikaans (1938); M.A. in Afrikaans, met onderskeiding (1939); U.O.D. met onderskeiding (1940). Lê in 1947 doktorale eksamen af en behaal in 1950 die graad D. Litt. op die proefskrif P.C. Boutens as Negentiger.

Word in 1947 aangestel as Lektor in die Departement Afrikaans-Nederlands van die destydse Universiteitskollege van Natal, Pietermaritzburg. In 1950 bevorder tot Senior-lektor, in 1958 tot Mede-professor. Sedert 1958 verbonde aan die Departement Afrikaans-Nederlands wan die Universiteit van Pretoria. Word in Januarie 1962 bevorder tot Professor en Hoof van die Departement Afrikaanse Letterkunde.

Volle lid van die S.A. Akademie vir Wetenskap en Kuns sedert 1950. Lid van die Maatschappij der Nederlandse Letterkunde, sedert 1953.

Redaksielid van die letterkundige blad Standpunte, sedert 1956; vanaf 1960 eindredakteur.

Sedert 1949 het daar talle publikasies van hom verskyn, wat onderwerpe insluit oor die Afrikaanse liriek, poësie, letterkundige opstelle en kritiek en 'n beknopte woordeboek van die Afrikaanse Letterkunde.

Prof. C.J.D. Harvey, B.A., M.A.

Gebore te Pretoria in 1922. Behaal die B.A.-graad aan die Natalse Universiteitskollege in 1942, en die M.A.-graad (Engels) aan die Natalse Universiteit in 1946. Tree op as dosent in Engels aan verskeie Universiteite en is van 1962 Professor en hoof van die Departement van Engels aan die Stellenboschse Universiteit. Uit sy pen het verskeie artikels verskyn oor poësie. Hy is ook 'n gereelde skrywer van artikels vir die publikasie Standpunte waarvan hy mederedakteur is.

Mnr. N.J. le Roux, B.A.

Gebore te Wellington. Verwerf die B.A.-graad met spesiale na-graadse studie van klassieke letterkunde en sielkunde. Verwerf ook die Diploma in Nederlandse Letterkunde. Prinsipaal aan hoërskole vir 22 jaar en Inspekteur van skole vir 12 jaar. In Sensuurraad aangestel op 1 Maart 1959.

Prof. A.H. Murray, B.A., M.A., D. Litt., D. Ph.

Gebore op 22 April 1905. Behaal die B.A. en M.A. grade aan die Universiteit van Stellenbosch. Rhodesbeurs-student: B. Litt., D.Ph. Oxford; studeer te Parys en Geneve. Hy is in 1937 aangestel as Professor en hoof van die departement Filosofie aan die Universiteit van Kaapstad waar hy Staatsfilosofie doseer. Oor dieselfde onderwerp het 'n hele aantal boeke uit sy pen verskyn. Verder het hy ook bydraes tot plaaslike en oorsese tydskrifte oor staatsfilosofie en politieke probleme gelewer veral oor pluralistiese staatsvorms en die administrasie van rasse-meervoudige gebiede in die geskiedenis; en oor huidige politieke strominge. Hy is 'n outoriteit op die gebied van die kommunisme.

Prof. H. v.d.M. Scholtz, M.A. D. Litt., et Phil.

Gebore 8 Julie 1924 in Utrecht, Nederland. Behaal in Mei 1950 die graad D. Litt., et Phil. aan die Universitiet van Amsterdam en word daarna senior lektor in Afrikaans-Nederlands aan die Universiteit van Pretoria. Volg in 1959 prof. N.P. van Wyk Louw op as hoogleeraar in die Afrikaanse Taal- en letterkunde aan die Universiteit van Amsterdam. Sedert Januarie 1963 professor aan die Universiteit van Pretoria en sedert Januarie 1966 hoof van die Departement Afrikaans-Nederlands aan Universiteit van Kaapstad.

Sy publikasies en ander bedrywighede is hoofsaaklik gerig op die literêre kritiek, die beeldende kunste en die toneel.

Mnr. J.G. Sutton.

Gebore te Johannesburg in 1895. Sluit in 1914 by die Departement van Justisie aan. Oorlogsdiens gedoen gedurende die Eerste Wêreldoorlog.

Word landdros te Bedford in 1936. Dien op verskeie plekke as Landdros, onder andere Wynberg en Kaapstad. Met sy aftrede in 1955 het hy die rang van Hooflanddros beklee. In 1956 aangestel op die Sensuurraad.

Mev. J.P. Theron. B.A., H.O.D. (Cum Laude), M.A. (cum Laude)

Behaal die graad B.A. cum laude, met Afrikaans-Nederlands en Geskiedenis as hoofvakke aan die Universiteit van Pretoria in 1937. Behaal die Graad M.A. cum laude, met Afrikaans-Nederlands as hoofvak einde 1940 aan die Universiteit van Pretoria. Behaal die Onderwysers-Lisensiaat in Musiek (L.T.C.L.) in Johannesburg in 1942.